HOËRSKOOL RANDBURG

*ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NO. 02 VAN 2023*

14 April 2023

Geagte Ouer / Voog

**AFSPRAAKOUERAAND : 19 April 2023**

Die afspraak-oueraand na afloop van die eerste kwartaal vind op 19 April 2023 plaas.

Let asseblief op die volgende om van hierdie oueraand 'n sukses te maak:

1. U is baie welkom om u kind se vordering of probleme met die betrokke vakpersoneel te bespreek. Indien u graag personeel wil spreek, moet die aangehegte afspraakskedule voltooi word. U kind het die geleentheid om hierdie afsprake vanaf ontvangs van die vorm tot 19 April 2023 te maak.

2. Vul asseblief **een** strokie vir al u kinders in, sodat u afsprake nie bots nie.

3. Hierdie strokie moet in besit van u kind bly. **U kind neem die vorm na die onderwyser met wie u graag 'n afspraak wil maak. Die personeel sal op hierdie vorm die tyd van die spesifieke afspraak inskryf.** Afsprake duur slegs vanaf 17:00 tot 20:00.

4. Die personeel sal in hul onderskeie lokale wees en u kind moet asseblief saam met u hierdie afsprake nakom. Geen afspraak sal toegestaan word as u kind nie teenwoordig is nie.

5. Ouers moet asseblief nie die afspraaktyd invul nie, dit kan slegs deur die betrokke personeel ingevul word.

6. Daar word versoek dat ouers met die betrokke vakonderwysers van **alle druipvakke** afsprake moet maak.

7. Indien u enige navrae het, is u welkom om die graadhoofde te kontak:
   Gr 8 M Wentzel en L Viljoen Gr 9 E du Toit en J Brits
   Gr 10 I Wagenaar en S Koutsouradis Gr 11 L Naudé en T van Deventer
   Gr 12 S vd Berg

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

8. **Slaagvereistes gr 8 tot 12 :** Om van een graad na die volgende aan die einde van die jaar gepromoveer te word, moet 'n leerder aan die volgende minimum vereistes voldoen:
**Graad 8 en 9:** 50% vir amptelike huistaal, 40% vir tweede taal, 40% vir Wiskunde, 40% vir drie ander leerareas en 30% vir twee ander leerareas.
**Graad 10, 11 en 12:** 40% in drie vakke behaal waarvan een 'n amptelike taal op Huistaalvlak moet wees. 30% in drie ander vakke.

Vriendelike groete.



**E MANS: Adjunkhoof Akademie** **P BOOYSEN: Hoof**

## AFSPRAAKVERSOEKE VIR OUERAAND VAN 19 APRIL 2023

Ek, _____ ouer / voog van ondergenoemde leerder / leerders wil graag die volgende afspraak / afsprake maak / kan ongelukkig nie die oueraand bywoon nie.

| NAAM VAN LEERDER / LEERDERS | | GRAAD |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |

## 19 April 2023

| | ONDERWYSER | VAK | LEERDER | GRAAD | AFSPRAAKTYD |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | | | | | TOT |
| 2. | | | | | TOT |
| 3. | | | | | TOT |
| 4. | | | | | TOT |
| 5. | | | | | TOT |
| 6. | | | | | TOT |
| 7. | | | | | TOT |
| 8. | | | | | TOT |

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za